

SABBATSKOOL  
BYBELSTUDIEGIDS  
VIR VOLWASSENES

# 1 RENTMEESTERSKAP

## DIE HART SE MOTIEWE



# 2 VOORBEREIDING VIR DIE

## EINDTYD

# Inhoudsopgawe

1	Die invloed van materialisme (30 Desember-5 Januarie)	6
2	Ek sien, ek begeer, ek neem (6-12 Januarie)	14
3	God of Mammon? (13-19 Januarie)	22
4	Bly weg van wêreldse waardes (20-26 Januarie)	30
5	Rentmeesters na Eden (27 Januarie-2 Februarie)	38
6	Die kenmerke van 'n rentmeester (3-9 Februarie)	46
7	Om eerlik met God te wees (10-16 Februarie)	56
8	Die trefkrag van tiendebetaling (17-23 Februarie)	64
9	Dankoffers (24 Februarie-2 Maart)	72
10	Die funksie van rentmeesterskap (3-9 Maart)	80
11	Skuld: 'n daaglikse besluit (10-16 Maart)	88
12	Die gewoontes van 'n rentmeester (17-23 Maart)	96
13	Die resultate van rentmeesterskap (24-30 Maart)	104

**Redakteurskantoor:** 12501 Old Columbia Pike, Silver Spring, MD 20904

**Besoek ons webblad:**  
<http://www.absg.adventist.org>

**Hoofbydraer:**  
John H. H. Mathews

**Redakteur:**  
Clifford R. Goldstein

**Assistent-Redakteur:**  
Soraya Homayouni

**Publikasiebestuurder:**  
Lea Alexander Greve

**Publikasie Assistent:**  
Sharon Thomas-Crews

**Pacific Press®-Koördineerder:**  
Wendy Marcum

**Grafiese Ontwerp en Uitleg:**  
Lars Justinen

© Alle kopieregte 2018 Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk® word voorbehou. Geen gedeelte van die Sabbatskool Bybelstudiegids (standaarduitgawe) mag gereedigeer, verander, gewysig, aangepas, vertaal, gereproduseer of gepubliseer word deur

enige persoon of entiteit sonder die geskrewe magtiging van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste® nie. Die Divisie-kantore van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste® het toestemming om te reël vir die vertaling van die Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes onderhewig aan sekere riglyne. Die kopiereg van sulke vertalings en die publisering daarvan word voorbehou deur die Wêreldkonferensie. "Seventh-day Adventist," "Adventist," en die vlamlogo is geregistreerde handelsmerke van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste® en mag nie sonder amptelike toestemming gebruik word nie. Die Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes (standaarduitgawe) word voorberei deur die Sabbatskooldepartement van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste. Hierdie studiegids staan onder die algemene leiding van die Sabbatskool Uitgewersraad, 'n subkomitee van die Wêreldkonferensie se Administratiewe Komitee (ADCOM), en uitgewer van die Bybelstudiegids. Die Bybelstudiegids weerspieël dus die algemene bydraes van 'n wêreldwye evalueringskomitee en die goedkeuring van die Sabbatskool Uitgewersraad, en verteenwoordig dus nie uitsluitlik of noodwendig die sienings en standpunte van die hoofbydraer en/of outeur(s) nie.

## Bybelaanhalings

Tensy anders vermeld, word alle skriftuurlike verwysings in hierdie standaarduitgawe vir die eerste kwartaal 2018 aangehaal uit Die Bybel, die 1933/53-vertaling©, 1933, 1953 Bybelgenootskap van Suid-Afrika.



## Rentmeesterskap in die lewe van 'n Christen

**O**ns as Christene sal eers ons sondige toestand moet raaksien voordat ons sal besef ons moet verander. So 'n verandering kan alleenlik plaasvind deur Christus wat in ons werk. En een so 'n verandering wat Hy in ons teweegbring, is op die gebied van rentmeesterskap. Alhoewel rentmeesterskap baie verskillende aspekte van die Christen se lewe insluit, definieer ons dit vir nou in breë trekke om ons tasbare besittings en dit wat onsigbaar in ons lewens is, tot eer van God te bestuur.

Soos wat die Bybel ons leer, word rentmeesterskap onder andere 'n kragtige werktuig teen die gevare van materialisme (die liefde vir stofflike dinge), of teen wêreldsgesindheid oor die algemeen – een van die groot strikke wat die aartsvyand vir ons span. Baie mense besef nie dat rykdom en besittings soos goedkoop, nagemaakte geurmiddels is wat uiteindelik hulle smaak verloor nie. Ongelukkig sal baie siele verlore gaan omdat hulle nie daarin geslaag het om weg te breek van hulle liefde vir die wêreld nie. Die weë van die wêreld – “die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe” (*1 Johannes 2:16*) — kan alles getemper word, selfs vermy word, deur die beginsels van rentmeesterskap in ons lewens toe te pas.

Daarom wil ons hierdie kwartaal rentmeesterskap bestudeer en wat dit ons kan leer oor hoe ons kan leef soos God wil hê ons moet leef, om vry te wees van 'n liefde vir die wêreld en alles wat dit bied. Rentmeesterskap is die daaglikse praktiese uitleef van wat dit beteken om Jesus te volg; dit is 'n uitdrukking van ons liefde vir God, 'n middel waardeur ons die

waarheid wat ons van Christus ontvang het, kan demonstreer. Ons is rentmeesters omdat God ons eerste liefgehad het.

Ons daaglikse beoefening van rentmeesterskap behels dus ons goeie gesindhede, ons bekeringsondervindinge, ons lojaliteit, selfdissipline en nog meer. Ons behoort God se getroue en standvastige diensknegte te wees wat onselfsugtige lewens lewe deur met Jesus verbind te wees in alles wat ons doen of sê. Ons ontdek in die skool van Christus dat die resultaat van goeie rentmeesterskap ‘n regverdige lewe wat met vrede gevul is, tentoonstel. Ons moet leer om God se besittings tot Sy eer te bestuur, om Sy sendingmissie van geld te voorsien om Sy werk klaar te maak.

God se rentmeesters sien nou “in ‘n spieël in ‘n raaisel” (*1 Kor. 13:12*), maar Jesus sien die werklikheid. Sy werk word aan ons toevertrou. Selfs deur die beneweldheid van die wêreld se aanloklikheid is ons nog verantwoordelik vir die behoorlike bestuur van ons talente, finansies, gesondheid en omgewing. Hierdie lesse is opgestel om ons te leer wat ons verantwoordelikhede as rentmeesters is en hoe ons, deur God se genade, daardie verantwoordelikhede kan nakom, nie om daardeur redding te verdien nie, maar deur vrugte te dra wat by die bekering pas.

Christene wat goeie rentmeesters is, weerspieël God se karakter in die wêreld. Skoonheid, geluk en godsvrug word in die lewens gevind van diegene wat waag om volgens Bybelse beginsels te lewe, veral in teenstelling met tendense en strominge van ons kultuur. Almal word versoek om goddelose lewens te lewe; die versoekings is oral om ons, openlik en subtiel. As Christene, veral as God se rentmeesters, is ons nie net toegerus om hierdie versoekings te vermy nie, maar het ons ook beloftes van krag ontvang om dit te kan doen. Uiteindelik gaan ons een van twee uitsprake oor ons hoor: “ ‘... Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk!’” (*Matt. 7:23*), of, “ ‘... Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer’” (*Matt. 25:23*).

Dit is ons hoop en verwagting, en gebed, dat wat hierdie kwartaal oor rentmeesterskap geleer word, ons op die pad sal hou wat die woorde, “ ‘Gaan in in die vreugde van jou heer’”, vir ons ‘n werklikheid sal maak.

*John H. H. Mathews, D.Min. (Andrews Universiteit), is ‘n geordende predikant wat al in Florida, Alabama, Iowa, Missouri, Tennessee en Nebraska gedien het. Tans is hy die Noord-Amerikaanse Divisie se Direkteur vir Rentmeesterskapbediening.*